

19 Desember

**Skrifgedeelte: Matteus 9:1-8**

**Fokusgedeelte: Matteus 9:2, 5, 6**

### **Wees gerus, jou sondes word vergewe**

Uit die ooreenstemmende gedeelte in Markus en Lukas weet ons dat die wonderbaarlike genesing van die verlamde man in Kapernaum plaasgevind het. Die verlamde se vriende het Hom gebring na die huis waar Jesus onderrig gegee het. Omdat hulle hom vanweë die gedrang van die mense nie by Jesus kon kry nie, het hulle toe 'n gat in die dak gemaak en die man op die draagbaar deur die gat tot reg voor Jesus laat afsak.

Hoekom het die mense van Kapernaum so op Jesus toegesak en nie eens vir die noodgeval op die draagbaar kans gegee om by Hom te kom nie? Was dit omdat hulle so in Hom geglo het as die Verlosser wat deur God gegee is, of maar net as 'n besondere geneser? Uit die mense se reaksie op Jesus se woorde aan die verlamde dat sy sondes vergewe is, is dit duidelik dat dit inderdaad nodig was om die mense behoorlik tot nadenke te stem, en dit sluit die verlamde man in wat uiteraard na Jesus gebring is nie omdat hy so 'n groot sondaar was nie, maar wel dringend genesing nodig gehad het.

Die rede waarom Jesus dus die kwessie van vergifnis op die voorgrond geplaas het en die manier waarop Hy dit gedoen het, naamlik die vraag wat *makliker* is om te sê: "Jou sondes is vergewe" of "Staan op en loop" is dus om almal tot die besef te bring dat Hy inderdaad die Verlosser is wat God gegee het.

Hoe bewus is ons vandag van die probleem: sonde en sondeskuld? As ons nie daarmee behoorlik erns maak nie, versper dit jou uitsig op Wie Christus is, totdat 'n mens hard afgebring word aarde toe, soos wat by hierdie genesing gebeur het.

Loof die Here dat Hy juis sy Seun as Verlosser van die sonde gegee het. Hy *het* die mag daartoe, soos wat Hy by hierdie geleentheid *bewys* het!

*Sing: Psalm 32:3 (Totius)*

*Ds. DHP Wijnbeek (Steynsburg)*